Hoërskool Brandwag

Typhoonstraat, Northmead
Benoni, 1500
Posbus 13191
Northmead
1511

Tel: 011 849 8911
011 849 1389
Faks: 011 849 8913
E-pos: skool @hsbrandwag.co.za
www.hsbrandwag.co.za

Geagte Brandwagouer

Die Ekurhuleni- gholfliga is om die draai en daarom wil ek graag die volgende versoek rig, asook die speeldatums aan u deurgee:

Ons is op soek na ‘n borg vir hemde vir die spelers. Daar is drie verskillende ligas. ‘n A – liga vir spelers met ‘n voorgee van minder as 10. (Hulle speel egter almal van 0 af.) ‘n B – liga vir spelers met ‘n voorgee van tussen 10 en 18. ‘n C – liga vir spelers met ‘n voorgee tussen 19 en 24. ‘n Span bestaan uit vier spelers. Dus is dit ‘n totaal van twaalf spelers. Soms is daar ook reserwes.

Slegs spelers wat lid is van ‘n klub en oor ‘n amptelike voorgee beskik, sal oorweeg word. Hulle moet ook ‘n afskrif van hul lidmaatskapkaart aan mnr. V.d Mescht besorg. Indien ‘n speler se voorgee tydens die seisoen sou verander, is dit sy verantwoordelikheid om dit aan te meld. Versuim om dit te doen, sal lei tot diskwalifikasie. Indien daar egter nog plek is in ‘n span, sal spelers sonder lidmaatskapkaarte moontlik oorweeg word. Hulle sal ongelukkig nie aan die liga mag deelneem nie, maar mag vriendskaplik deelneem met die oog op ontwikkeling. Daar word lesse aangebied deur Benoni Country Club vir beginners. Dit sal ook op Maandae plaasvind teen ‘n koste van R40 per les.
Die datums is as volg:

	A – liga	B – liga	C - liga
12 Maart	Ja	Nee	Nee
19 Maart	Ja	Nee	Nee
26 Maart	Ja	Nee	Nee
16 Apr	Ja	Ja	Ja
23 Apr	Nee	Ja	Ja
7 Mei	Ja	Ja	Ja
14 Mei	Ja	Ja	Ja
21 Mei	Ja	Ja	Ja
28 Mei	Ja	Ja	Ja
23 Julie	Ja	Ja	Ja
30 Julie	Ja	Ja	Ja
Augustus Proewe/Uitspele	Ja	Ja	Ja

A – liga spelers moet aan ten minste agt kompetisies deelneem om te kwalifiseer vir toekennings en proewe.
B – en C – liga spelers moet aan ten minste aan ses kompetisies deelneem om te kwalifiseer vir uitspele. Indien u belangstel om die gholf, of ‘n span se hemde te borg, kan u gerus vir mnr. V.d. Mescht by die skool kontak.
Onthou asseblief: Gholfetiket is belangrik!

_____ _____

J.N. Wright
(Hoof)

D.v.d. Mescht
Gholforganiseerder

Erkenning van ontvangs: _____(Ouerhandtekening)
Tel. (indien belangstel vir borg) _____

Printed by BoltPDF (c) NCH Software. Free for non-commercial use only.